

VOTUM: (Efesiers 1: 3) Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

SKRIF: MATTEUS 14:13-21

Toe Jesus dit hoor, het Hy met 'n skuit daarvandaan weggegaan na 'n stil plek om alleen te wees. Die mense het hiervan gehoor en Hom van die dorpe af te voet gevolg. 14 Toe Hy uit die skuit klim, het Hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak.

15 Toe dit al aand begin word, het sy dissipels vir Hom kom sê: "Dit is 'n afgeleë plek en dit het al laat geword. Stuur die mense terug dat hulle vir hulle kan gaan kos koop in die dorpe."

16 Maar Jesus sê vir hulle: "Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet."

17 Hulle sê toe vir Hom: "Ons het hier net vyf brode en twee visse."

18 "Bring dit vir My hier," sê Hy.

19 Hy het die menigte beveel om op die groen gras te gaan sit om te eet. Toe neem Hy die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en vra die seën. Daarna het Hy die brood gebreek en dit aan sy dissipels gegee, en hulle het dit aan die mense gegee. 20 Al die mense het geëet en genoeg gekry, en hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood wat oorgebly het. 21 Daar was omtrent vyf duisend mans wat geëet het, afgesien van die vrouens en kinders.

Op 'n vlug van **Portland, Maine, na Boston in 1987** tydens die somer, hoor die vlieënier **Henry Dempsey** 'n eienaardige geluid aan die agterkant van die vliegtuig.

Henry gee die kontroles oor aan sy mede-vlieënier en gaan agtertoe om te kyk wat aangaan. Toe hy by die stertkant van die vliegtuig kom, stamp die vliegtuig toe dit 'n lugholte ("air pocket") tref en hy val teen die agterste deur. Hy sien die deur is nie reg toegemaak voor hulle opgestyg het nie. Die volgende oomblik val die deur heeltmaal oop en in 'n oogwink word Henry uit die jetvliegtuig na buite gesuig.

Die mede-vlieënier sien die rooi liggie op sy instrumentepaneel wat wys die deur het oopgegaan. Hy radio die naaste lughawe om te vra vir 'n noodlanding. Hy noem ook dat Henry uitgeval het en vra dat 'n helikopter gestuur word om hom in die oseaan te soek.

Nadat die vliegtuig geland het, kry die grondpersoneel vir Henry. Henry het op 'n manier die leer gegryp en bly vashou vir **die 10 minute wat die vliegtuig teen 320 kph op 'n hoogte van 1200m gevlieg het!**

Nog meer: toe die vliegtuig land, het Henry sy kop weggehou van die landingstrook, **skaars 30cm** van sy kop af.

Dit het blykbaar die lughawe personeel 'n rukkie geneem om Henry se vingers van die leer los te kry soos hy nog vashou.

Hy wou nie agterna onderhoude toestaan nie. Het net later laat weet dat hy bly is om die sonsopkoms te sien.

Ons almal het al gesien of self ervaar hoe verskillend ons reageer op teenspoed.

- Daar is miskien mense wat as die geopende deur van moeilikheid jou uitsuig gewoon net oorgee en op die ou end ondergaan in emosionele pyn.
- Daar is mense wat net 'n rukkie vashou en dan maar laat los omdat hulle dink: Ag, niks gaan help nie. Dit gaan nie verbeter nie.
- Maar dan is daar ook die mense soos hierdie vlieënier wat bly vashou en uiteindelik oorleef.

Sommige mense kom aaklige goed oor en van buite lyk hulle nes enige ander mens, maar van binne is hulle anders en hulle besluit om die beste te maak van die slegte situasie en hulle skryf weer in vir die lewe!

1. WERKLIKHEID

Hulle sê toe vir Hom: "Ons het hier net vyf brode en twee visse." (vs 17)

Hoeveel kere het jy al gesê of gedink: ek het net soveel... Of: ek kan net... Dis al wat ek het.

Die gebruik van hierdie woordjie "net", het my aandag getrek. Dis 'n woordjie wat 'n mens laat voel dit wat jy het, is onvoldoende. Dis te min vir wat nou moet gebeur.

Die goeie nuus is: dis die spasie waar wonderwerke begin. As ek die wonderwerke kyk wat Jesus doen, is dit omdat iets beperkend of te min was.

DIE DIEPER VRAAG: IS DIT DIE WERKLIKHEID OF IS DIT DIE STORIE WAT EK MYSELF VERTEL?

In die Viëtnam oorlog is Jim Stockdale se vliegtuig neergeskiet. Hierdie admiraal het op die ou end 7 ½ jaar in Noord-Viëtnamese krygsgevangenekamp deurgebring, waarvan 4 jaar in afsondering. Jim Collins het met hom 'n onderhoud gevoer vir sy boek *Good to Great* en gevra hoe hy die moed gekry het om te oorleef.

Admiraal Stockdale sê hy het nooit daaraan getwyfel dat dinge sal reg uitwerk op die einde nie. Maar diegene wat dit nie gemaak het nie, was die optimiste!

Die optimiste was die mense wat gesê het: "Ons gaan teen Kersfees uit wees." Maar dan kom Kersfees en hulle is nie tui nie. Dan reken hulle: "Ons gaan Paasaweek uit wees." Dan is hulle nie. En hulle het gesterf aan gebroke harte.

Stockdale het vir Jim Collins gesê: Jy moenie die geloof dat jy uiteindelik sal seëvier - en dit moet jy altyd vashou - verwar met die dissipline om die brutale feite van jou huidige situasie te konfronteer nie.

Collins hulle het dit die Stockdale paradoks genoem - geloof wat glo dat sukses moontlik is terwyl dit terselfdertyd die harde realiteite in die oë kyk en hanteer.

**DIE DIEPER VRAAG: IS DIT DIE WERKLIKHEID
WAARIN GOD N VERSKIL KAN MAAK, OF IS
DIT DIE STORIE WAT EK MYSELF VERTEL?**

2. WAARDEER

Die dissipels het nie 'n dom ding gedoen om die mense huis toe te wou stuur nie. Inteendeel, as 'n mens Johannes se weergawe lees, sien jy dat hulle nie genoeg geld gehad het om 12000 mense kos te gee nie. Hulle neem 'n besluit wat hulle beskerm, wat hulle nie so sou blootstel aan risiko nie.

Wat ons mooi moet raaksien, is dat God reeds aan die sorg is.

**Toe neem Hy die vyf brode en die twee visse,
kyk op na die hemel en vra die seën.VS 19**

Wat ons ook moet raaksien, is dat Jesus ons nooi: Bring dit vir My hier.

As dit net by jou bly, is dit te min. Maar as jy wat jy het, of dit nou jou geld of jou gawe of jou geleentheid of jou wat ook al is, vir Jesus bring, is jy by die avontuur van 'n wonderwerk. Want as Jesus daardie vyf brode en twee vissies van jou seën en dit verdeel, verander alles...

3 dinge waarvoor dankbaar kan wees...

3. WONDER-LIK

God is nog altyd die expert in die "hoe"

20Al die mense het geëet en genoeg gekry, en hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood wat oorgebly het.²¹Daar was omtrent vyf duisend mans wat geëet het, afgesien van die vrouens en kinders.

Ons wonder baie kere hoe gaan God dit doen. Maar die "hoe" was nog nooit vir God 'n probleem nie. Vir Maria het die Engele gesê in

Lukas 1:37: "Niks is vir God onmoontlik nie."

Ons maak die somme en word moedeloos. God maak die somme en vermenigvuldig alles.

Moenie ophou bid nie. Moenie ophou glo nie. Moenie ophou liefde gee nie. Moenie ophou hoop nie.

God verander vyf brode en twee vissies in kos vir 'n menigte.

God het nie opgehou God wees nie.

God verander alles!

Niks is vir God onmoontlik nie!

Amen

Seën.